

ONDERHOUDKORRELS

VOERMOL RAM-, LAM- EN OOIKORRELS

Klas: Volledige Ooi- en Lammer Voer

VOERMOL RAM-, LAM- EN OOIKORRELS is 'n volledig gebalanseerde voerkorrel vir die algemene gebruik by skape en bokke:

- kan net so gevoer word en is volledig gebalanseerd;
- is in korrelvorm en gerieflik om te voer met geen maal- en mengkoste nie;
- is presies vermeng, bevorder doeltreffende voerbenutting en skakel vermorsing uit;
- is melassegebaseer, smaaklik met goeie inname;
- kan as aanvullende voeding vir ramme, lammers en ooie op die veld gevoer word;
- is 'n ideale byvoeding vir skape en bokke wat saans gekraal moet word;
- bevat anioonsoute en kan met veiligheid vir ramme gevoer word;
- bevat gebalanseerde en voldoende hoeveelhede proteïen, energie, minerale en spoorminerale vir die algemene gebruik by skape en bokke;
- verseker goeie produksie.



SAMESTELLING VAN RAM-, LAM- EN OOIKORRELS

REG NR V26842 (Wet 36/1947)

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen* (min)	130	Mangaan	18
Ureum (maks)	14.7	Koper	6.3
Ruvesel (maks)	200	Kobalt	0.1
Vog (maks)	120	Yster	27
Kalsium (min/maks)	6/15	Jodium	0.1
Fosfor (min/maks)	3/3.6	Sink	18
Magnesium (min)	0.9	Selenium	0.1
Swael (min)	1.35	Vitamiën A (IE/kg)	3 000
*40 % afkomstig vanaf NPN		Energie (MJ ME/kg)	9.2

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voermol Ram-, Lam- en Ooikorrels is 'n volledig gebalanseerde korrel en kan net so op die veld of in krale vir skape en bokke gevoer word.

AANBEVOLE INNAME

As aanvullende voeding tot die veld of hooi:

Ramme: 400 – 600 g/ram/dag

Ooie: 300 – 500 g/ooi/dag

Lammers: 200 – 300 g/lam/dag

Indien weidingsomstandighede baie swak is, kan dit as onderhoudsvoer teen 2 tot 2.5 % van liggaamsmassa vir skape en bokke gevoer word.



VOERMOL



UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL